# MBinneargitektuur (Prof) Binneargitektuur(Prof) (12252007)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar | | |
| **Totale krediete** | 120 | | |
| **Kontak** | Dr R Konigk | u04152875@tuks.co.za | +27 (0)124202095 |
| | Prof BP Jekot | barbara.jekot@up.ac.za | +27 (0)124204052 |

## Programinligting

Die Magister in Binne-argitektuur (Professioneel) word gedoen deur middel van 'n gedoseerde leergang, 'n ondersoekende ontwerp miniverhandeling en 'n ontwerpprojek en -diskoers.

Verwys na G Regulasies G.30 tot G.40 en G. 50 tot G.54.

## Toelatingsvereistes

'n Kandidaat vir die graadprogram Magister in Binne-argitektuur (Professioneel):

(1) moet 'n gegradueerde met 'n BIntHons of ekwivalente universiteitsgraad wees;

of

(2) moet oor 'n toepaslike erkende tersiêre kwalifikasie op honneursvlak beskik;

of

(3) moet oor 'n kwalifikasie beskik wat deur die Departementshoof in oorlegpleging met die Dekaan as voldoende beskou word, (waar nodig) die toestemming van die Senaat verkry en enige ander voorgeskrewe vereistes nakom.

Daar kan van kandidate genoem in (2) en (3) hierbo, na die diskresie van die Departementshoof, vereis word om in voorvereiste kennisvelde geëvalueer te word en/of vir addisionele modules vir niegraaddoeleindes te registreer.

Kandidate genoem in (1), (2) en (3) hierbo:

(i) moet verkieslik oor praktiese ondervinding beskik en/of 'n uitgebreide studiereis onderneem en gedokumenteer het;

(ii) word aan 'n onderhoud vir keuring onderwerp;

(iii) moet 'n portefeulje en/of ontwerpjoernaal voorlê wat die vereiste vlak van vaardigheid en bevoegdheid demonstreer en wat as 'n rekord van sodanige kandidaat se ondervinding in die dissipline beskou kan word;

(iv) word volgens meriete gekeur.

Let wel: 'n Beperkte aantal kandidate word tot hierdie program toegelaat.

## Ander programspesifieke inligting

**Ontwerp-onderwerp**

Die onderwerp waaroor die finale ontwerpprojek (DIT 803 & DPD 803) handel, moet deur die Departementshoof goedgekeur word.

**Toekenning van graad**

Die graad word aan ’n student toegeken wat die voorgeskrewe aantal krediete verwerf het. Studente wat op voorwaardes toegelaat is, moet aan al die voorwaardes voldoen voordat die volle 700-reeks modulekrediete en die graad toegeken word.

## Eksamens en slaagvereistes

Die minimum slaagpunt is 50%. ’n Minimum van 40% word in die eksamen vereis, met ’n minimum finale punt van 50% om te slaag. Indien die module nie geëksamineer word nie, word ’n minimum slaagpunt van 50% vir kursuswerk vereis. Indien kursuswerk nie geëvalueer word nie, word ’n minimum slaagpunt van 50% in die eksamen vereis.

## Navorsing

G Regulasie G.39.12 is van toepassing met betrekking tot die vereiste publikasie.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat met eerste registrasie in sowel die Ondersoekende ontwerp miniverhandeling (DIT 803) as die Ontwerpprojek en -diskoers (DPD 803) met onderskeiding (75%) slaag mits die graad binne die minimum voorgeskrewe tydperk voltooi en alle ander finalejaarmodules met eerste registrasie geslaag is.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.